**Maandag 6 Julie**
**Skrifgedeelte: Genesis 18:16-33 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Genesis 18:22-23**
**Voorbidding is 'n moontlikheid wat deur die Here geïnisieer word**

Ons sien God se genade in verskeie dinge wat Hy sê en doen. In vers 17 sien ons 'n menslike selfgesprek en huiwering by die Here. Hiermee word ook weggedoen met 'n rigiede beeld van God. Hy wil nie net summier op grond van die "geroep" wat Hy gehoor het, Sodom en Gomorra vernietig nie. Hy wil self gaan kyk sodat Hy kan weet (vs 20, 21). God se besluit was dus nie finaal nie. In vers 22 lees ons: *"Die mans het weggedraai Sodom toe, maar die Here het by Abraham bly staan."*

Die Here bly staan omdat Hy vir Abraham 'n geleentheid tot voorbidding wil skep. Abraham bid nie vir Sodom en Gomorra op eie inisiatief nie, maar omdat die Here hom genooi het. Voorbidding is 'n moontlikheid wat deur die Here self geïnisieer word.

Tydens die proses van voorbidding ontdek Abraham die diepte van God se barmhartigheid! Hy laat Abraham toe om die getal regverdiges ses keer af te bring tot by 10 om vir ons te wys: God se liefde is sterker as sy oordeel!

Die hartseer is dat die tien regverdiges nie gevind kon word nie. In die Nuwe Testament sien ons dat die Here uiteindelik self ingestaan het om die sonde van die wêreld op Hom te neem en daaronder gely en gesterf het. God se geregtigheid in Jesus Christus maak voorbidding 'n nog groter moontlikheid. Dit is ons priesterlike roeping om die mense om ons te verteenwoordig by God deur voorbidding te doen in Jesus se Naam. Voorbidding is nie menslike inisiatief en barmhartigheid nie, maar 'n moontlikheid wat deur die Here self uit genade geïnisieer word.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*
*Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)*